TITEL: SNOR CITY
KUNSTENAAR: BERNOLDUS NIEMAND
KOMPONIS: B NIEMAND
LP.NO: SHIFTY SHIB 29
LP TITEL: VOëlVRY

Afgekeur

memo 273

Dagsê, liewe mense, ek is vandag jou gids
In Pretoria
Ons is op soek vir net een skoon bo-lip
In Pretoria
Want dit is die stad met geen bo-lip glad
Dis Pretoria
Want orals in die strate is die fans van country-plate
In Pretoria
Stap, slaap, eet, dink, drink, raak mal
In Pretoria
Die grootste Afrikaanse stad in die suidelike halfrond
Dis Pretoria

Hoe verder ek loop, hoe minder raak my hoop
In Pretoria
Dit lyk vir my 'n snor is meer nodig as 'n tjor
In Pretoria
Hul ry Ford Snortina en hul eet snorgasbord
In Pretoria
Ek soek nou al jare vir 'n man sonder die haar
Van Pretoria
O red my, liewe God, van die nare snorkomplot
In Pretoria

As ek 'n terroris was, sou ek 'n snorbom ontwerp het
Vir Pretoria
O Mnr Snortjê ek sien jou weer en weer en weer
In Pretoria
Dis iets in die lug, dit trek die hare uit jou gesig
In Pretoria
Elke man se bek, leef in die skadu van die gek
O my liewe aarde, ek het te lank gepraat
Op my lip is die nare hare, van Pretoria

Dis die haar gevaar .. total onsnort ... Snor City

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE

Swak snaak